PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# Netbalmeisies beïndruk!



Die o/15A netbalspan, agter van links: me Potgieter, M Muller, L Gous, G Grobler, K Befikiso, en me Roode; voor van links: J Krugel, L Mputle, I Harmse, en L Barnard.



Die o/14A netbalspan, agter van links: A Pretorius, C Nel, me Moolman, J Mulder, N Buramo, en J Vorster; voor van links: R Lesding, M Harme, en K Botha.

**Rustenburg** – Bergsig Akademie/ Academy het die afgelope naweek, 28-29 Julie, skitterend gevaar tydens Volkies se jaarlikse Coke-reeks.
Die o/15A netbalspan verwerf 'n algehele 3de plek en o/14A 'n algehele 5de plek tussen 20 skole per ouderdomsgroep. Laasgenoemde gaan hierdie naweek 3-6 Augustus by die nasionale kampioenskappe te Boksburg deelneem. Baie geluk Bergsig!

# Superrugby Semi-Finale 2017

**Crusaders vs Chiefs**
Die *Saders* klop die Chiefs in Christchurch 27-13 in 'n klipharde Kiwi derby. Die super verdediging van die Crusaders was deurslaggewend ou grote. Hulle moes oor die honderd duikslae uitvoer en het net sowat 30 persent balbesit gehad. Die *Saders* het die Super trofee al sewe keer opgelig en was in 2008 die laaste keer aan die wenkant. Die *Saders* se *coach,* Scott Robinson, is egter daarvan oortuig dat sy span weer die beker gaan lig.
Maklik gaan dit nie wees nie maat, die *Saders* moet Jo'burg toe reis om 'n Kiwi-vreter met die naam Leeu in die oë te kom kyk. En lekker gaan dit nie wees nie, loop vra maar die 2016 Kampioene, hulle sal jou meer kan vertel van die riller waarby hulle betrokke was in hulle semi in Leeuwêreld.
*Africa is a tough country, mate!*

**Lions vs Hurricanes**
Voor dertig duisend toeskouers op Ellispark het die Leeus veggees en durf getoon en slaag daarin om die 2016 Super Kampioenspan, die Hurricanes 44-29 te klop. Maklik was dit nie ou grote, inteendeel, rustyd was die tuisspan met 20-3 agter op die telbord.
*Coach* Akkers het sy troepe kalm toegespreek en nederig gevra dat hulle net vyf drieë hoef te druk, dan is hulle in die finaal. Jaco Kriel en sy trop Leeus luister en in een van die beste *comebacks* in die geskiedenis van Superreeks kom hulle terug in die tweede helfte... en res is geskiedenis.
Die geelkaart wat Beauden Barrett in die 55ste minuut verower het, was die draai van die gety, want die Leeus teken sewentien punte in die tien minute aan. Die Leeus speel nou vir die tweede agtereenvolgende jaar in die eindstryd en het die groot voordeel van 'n tuiswedstryd.
Dít gaan voor sowat 62 000 toeskouers plaasvind want die kaartjies is al Maandag voor etenstyd uitverkoop. Die Crusaders wemel van All Black spelers en gaan 'n groot toets wees vir die Leeus. Emosioneel gaan dit ook 'n groot dag wees vir Akker want dit is sy laaste *game* as hoof *coach* van die Leeus.
Gaan groot Leeus!

**Nag ou grote…**

## Curriebeker 2017

**Goue Leeus vs Griekwas**
In 'n riller op Ellispark slaag die Goue Leeus daarin om die Griekwas met 48-43 te troef. Die *game* was tot op die einde in die weegskaal maar verbete verdediging deur die tuisspan het wa deur die drif getrek. Die Goue Leeus speel volgende teen die Blou Bulle op Fort Loftus. Die Griekwas moet Durban toe reis om teen die Haaie uit te draf.

**Haaie vs Pumas**
In die Haaitenk moes Haai se kind hard werk vir hulle 29-0 oorwinning oor die Pumas. Dit was regtig maar 'n goor *game* om te kyk maar die Haaie het darem 'n waardevolle bonuspunt verdien. Die Haaie speel volgende teen die Griekwas tuis in die Haaitenk met die Pumas wat Kaapstad toe reis om teen die WP uit te draf.

**Cheetahs vs WP**
Die Blikore het voor 'n klein skare in Bloemfontein die WP 30-10 geklop en gewys hulle gaan nie maklik van hul 2016 titel afstand doen nie. Die Sewes Blitsbok, Rosko Specman, het geskitter vir die Cheetahs op vleuel en druk ook 'n puik drie. Die Cheetahs het 'n loslootjie in die volgende ronde met die WP wat in Kaapstad teen die Pumas gaan uitdraf.
**Nag ou grote…**

SUPER RUGBY

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Nadine & Andriëtte | 4 Aug '17 | RTB: Hedgehog's Nest | 082-663 7281 | info@hedgehogsnest.co.za |
| AfriForum Rustenburg: Massapatrollie | 4 Aug '17 | RTB: H.v. Kerk-, Bult- en Krugerstraat | 081-217 6568 | hendrik@afriforum.co.za |
| AfriForum Rustenburg: Skoonmaakprojek | 5 Aug '17 | H.v. Kremetart- en Manukastraat | 081-217 6568 | hendrik@afriforum.co.za |
| Colourful Walk The Run | 5 Aug '17 | BOITEKONG: Boitekong Clinic | 076-605 6560 | ceo.clement@gmail.com |
| 1 Year anniversary church celebrations | 4-6 Aug '17 | KOSTER: :God's Word Embassy Church | 082-364 0307 | godwordembassy@gmail.com |
| Lebone Arts Fesival - Little Town of Good Manners | 7-12 Aug'17 | RTB: Lebone College II | 014-566 1517 | Kelebone.phalane@lebonecollege.co.za |
| Tania V | 5 Aug '17 | RTB: Windgatsaal | 083-700 4168 | gerald.allround@mweb.co.za |
| Vrouedag Vreugde Seminaar | 9 Aug '17 | RTB: NG Kerk Suid | 014-592 2419 | ngrbsuid@gmail.com |
| 7de Huismark vir Vrouedag | 9 Aug '17 | RTB: Boshoffstraat 34 | 072-140 4777 | anniedejager1407@gmail.com |
| Charl du Plessis Trio Concert | 9 Aug '17 | RTB: Lebone College II | 014-566 1510 | frontoffice@lebonecollege.co.za |
| Marico Mountain Bike Classic | 12 Aug '17 | Groot Marico | 083-272 2958 | info@marico.co.za |
| TSKKIA Karate: Grappling Competition Rustenburg | 12 Aug '17 | RTB: Methodist Church (Unie St) | 082-463 1073 | tskkia@gmail.com |
| Christelike Vrouekamp | 18-20 Aug '17 | Witbank: Chrisma Lodge | 083-417 5692 | tpieters8@gmail.com |
| Cycling: MTB CANSA Lost City | 19 Aug '17 | RTB: Sun City | 082-806 4906 | rustenburg.cycling@gmail.com |
| Mr & Miss Bojanala 2017 | 19 Aug '17 | RTB: Rustenburg Civic Centre | 078-329 8363 | obbydabrand@gmail.com |
| Cycling: Road CANSA Lost City | 20 Aug '17 | RTB: Sun City | 082-806 4906 | rustenburg.cycling@gmail.com |
| Plaasdans & Braai | 25 Aug'17 | RTB: Hervormde Geneemte Rtb- Suid | 014-592 6900 | nhrbsuid@gmail.com |
| Zumba Marathon Fundraiser | 26 Aug '17 | MOOINOOI: Grace Help Centre | 014-574 3476 | gracehelpcentreoffice@gmail.com |
| Willeste Fees | 26 Aug'17 | RTB: Hervormde Geneemte Rtb- Suid | 014-592 6900 | nhrbsuid@gmail.com |
| Joe F | 29 Aug '17 | RTB: Windgatsaal | 083-700 4168 | gerald.allround@mweb.co.za |
| SAVF charity golf day | 31 Aug '17 | RTB: Rustenburg Golf Club | 072-480 1108 | rustenburg.admin@savf.co.za |
| Moses Kotane Heritage Discovery Walk (126km) | 31 Aug-4Sept '17 | LEGKRAAL: Molatedi Dam | 073-209 8710 | seemiseobakeng@gmail.com |